



RIAAN MILES

Wayne Bolton

Wayne Bolton (50), 'n ereveldwagter by die Addo-olifant- nasionale park, het tussen al Sanparke se nasionale parke met 'n bergfiets gery – 19 parke en 6000 km ver! – ten bate van bewaring. Ons het meer oor dié rit uitgevind.

Wat presies doen 'n ereveldwagter? Sanparke se ereveldwagters is vrywilligers wat omgee vir bewaring en hulle tyd en hulpbronne gee om Sanparke te ondersteun. Ons samel geld in, help met bewusmaking en werk op voetsoolvlak saam met die veldwagters. Om 'n ereveldwagter by die Addo-olifant- nasionale park te wees gee my 'n kans om iets terug te gee en om die amptelike bewaarders van ons natuurerfenis te ondersteun.

Waar kom jou liefde vir die natuur en bewaring vandaan? Ek dink my pa het die saadjie geplant – hy het ons deur baie wildreservate gevat toe ek klein was. Dis waarom ek glo ouers moet hulle kinders leer om ons omgewing te waardeer en te dink oor ons rol in bewaring.

My belangstelling het daartoe gelei dat ek die veldgidskursusse van die Field Guides Association of South Africa voltooi het, en ek is vandag gekwalifiseer as gids in die Kruger en Addo.

Namate ek meer geleer het oor die omgewing en hoe ons as mense daarmee omgaan, het ek besef hoe groot ons verantwoordelikheid is. Sonder die natuur sal ons nie oorleef nie.

Hoe het die One Land Love It-rit ontstaan? Ek het in Desember 2014 besluit ek wil iets buitengewoons doen en 'n verskil maak. Die idee om met 'n bergfiets tussen al 19 nasionale parke te ry was nie sonder struikelblokke nie. "Jy kan nie jou besigheid vir twee maande los nie!" en "6000 kilometer in 80 dae is ver met jôu fiksheidsvlakke..." het dadelik in my kop opgeduik.

Maar ek wou al voorheen roei van die bron van die Zambesirivier – Mwinilunga in Zambië – tot waar dit in Mosambiek in die Indiese Oseaan uitmond, maar het dit nooit gedoen nie. En ek het besef 'n mens gaan vir altyd wag as jy wag dat alles in plek moet wees voordat jy jou passie uitleef. Ek het die One Land Love It-tog (OLLI) met geloof en moed aangepak.

Wat was jou doelwit? Om 'n bewustheid te kweek en geld in te samel. 'n Deel van die geld gaan aan die Sanparke-ereveldwagters, wat dit gaan

gebruik vir teenstropingstoerusting. Sanparke doen uitstekende werk – hulle het dikwels 'n groter kans om gewapende kontak te beleef as ons weermag!

Die res van die geld gaan aan Care for Wild Africa. Dié organisasie is deur Petronel Nieuwoudt gestig en probeer kalfies bystaan wie se ma weens stroping gevrek het. Dis duur werk – dit kos sowat R10000 per maand om een kalfie te onderhou en hulle sorg op die oomblik vir 25. Ons het al meer as R140000 ingesamel en nog skenkings is welkom (kyk by oneland.co.za)

Ons wil die boodskap uitstuur dat 'n gewone gesin 'n verskil kan maak. Gewone mense en besighede moet besef hulle het ook 'n rol te speel as bewaarders van ons natuurerfenis.

My twee kinders, Daniel (22) en Laura (19), het vir dele van die reis saam getrap. En my ouers en skoonpa was deel van die ondersteuningspan. Ons was drie geslagte wat saamgewerk het vir bewaring.

Hoogtepunt? Om op die taamlik afgesonderde paaie in Limpopo te ry. Dit was baiekeer net ek alleen in die natuur en dit het my herinner aan die rede vir die tog. Ek sal ook nooit vergeet hoe dit gevoel het om deur die manjifieke Meiringspoort (tussen die Tuinroete- en Karoo- nasionale park) te ry nie.

Ek het natuurlik baie ongelooflike Suid-Afrikaners langs die pad ontmoet: goeie, vriendelike mense wat omgee vir bewaring.

Moeilikste deel? Die grootste uitdaging was die hittegolf in Desember 2015 en Januarie 2016. Dit was in 'n stadium tussen Upington en die Kgalegadi-oorgrenspark 52°C... en nóg meer as die fiets stilgestaan het! Ander uitdagings sluit in: bergpasse, sterk winde langs die Weskus, sowat 480 km se sinkplaadgrondpad in die parke, sonsteek, 'n drukseer, knie- en spierpyn, seningontsteking en gevaarlike verkeerstoestande in die groot stede.

Hoe lank het jy geoefen? Ek is nie 'n fietsryer nie en was baie onfiks toe ek besluit het om die tog aan te pak – 'n rit om die blok was 'n uitdaging! Ek het dus 'n oefenprogram uitgewerk vir een jaar voor die tog en elke maand meer kilometers gery totdat ek in September en Oktober verlede jaar 1000 km per maand afgelê het.

Watter raad het jy vir mense wat ook betrokke wil raak by bewaring? Oorweeg dit om jou tyd of hulpbronne aan te bied in jou omgewing vir iets waarin jy regtig belang stel. As dit nie moontlik is nie, kies 'n saak of instelling wat jy glo goeie werk doen en ondersteun hulle. Selfs as jy nie kan tyd of geld gee nie, kan jy help met bewusmaking – selfs deur net hulle Facebook-stories te deel! Maar onthou nie alle organisasies is ewe doeltreffend nie – doen dus jou huiswerk.

Bewaring begin by die huis. Stel 'n voorbeeld in die klein dingetjies. Die dae waar dit aanvaarbaar (of bekostigbaar!) was om water of elektrisiteit te mors is lankal verby. Ek was verstom om op my rit deur die land te sien hoeveel rommel langs die paaie lê. Ons moet ons kinders leer dié rommel vergader iewers – dikwels in die see of riviere – en is 'n gevaar vir ons wilde diere, voëls, en visse.

Vir 'n lekker vakansie... verkies ek 'n stil plek in die bos, met so min as moontlik mense en geen heinings tussen my en die natuur nie. Ek het al idilliese vakansies saam met my gesin gehad, waar ons visstok in die hand met die Zambesirivier af dryf.

My eerste vakansieherinnering is... Die Hwange-wildreservaat in Zimbabwe – dis 'n mooi deel van die wêreld wat toe nog groot olifant- en leeuroppe gehad het.

* Lees meer oor Wayne se avontuur by oneland.co.za

– Suzaan Hauman